# HOOFSTUK lV.

## TYDPERK VAN BESTENDIGING VAN DIE KOSHUISSTELSEL. 1924 - 1940.

In die vorige hoofstuk is aangetoon dat die aantal koshuise en kosgangers gedurende die jare 1907 tot 1923 'n geweldige uitbreiding ondergaan het. Van 'n eenvormige stelsel vir Transvaal was daar egter nog geen sprake nie en veral die groep koshuise wat beheer is deur plaaslike komitees, het mank gegaan aan baie gebreke. Dat sake nie op die wyse kon voortgaan nie was duidelik, maar regstelling van in die ooglopende tekortkominge en wanpraktyke het maar baie langsaam geskied. In hierdie tydperk wat nou onder bespreking is, was die kortstondige dienstermyne van die direkteurs van onderwys een van die faktore wat seker nie min daartoe bygedra het om die bestendiging te vertraag nie. As ons in aanmerking neem dat H. S. Scott van 1924 tot 1927, N. M. Hoogenhout van 1928 tot 1930, F. S. Malan waarnemend in 1931, S. P. E. Boshoff 1932, H. F. Pentz waarnemend in 1933 en G. A. C. Kuschke van 1934 tot 1936 [1)] die pos beklee het, kan ons begryp dat 'n deurlopende en ontwikkelende beleid in verband met beurs- en koshuissake nie moontlik was nie.

1. Beurskommissie.[2)]

In 1925 is daar 'n kommissie benoem bestaande uit di. Wm. Nicol en J. D. Roos en die here F. H. Thompson en P. I. Hoogenhout om die hele aangeleentheid van beurse in noukeurige oënskou te neem en aanbevelings te maak. Die verslag wat hulle uitgebring het, getuig van 'n noukeurige studie van al die aspekte van die

1) Dir. Verslae vir genoemde jare.
2) Rapport van Beurskommissie benoem in terme van Goew. Ken. No. 391 van 15 September 1925.

saak en kan as volg ingedeel word:

a. <u>Laerskole</u>.

Tot op datum het daar nog geen definitiewe basis bestaan waarop beurstoekennings gemaak is nie. Daar is nie genoegsaam besef dat ouers buite die drie-myl-grens verantwoordelik is om hulle kinders na 'n skool te stuur, tensy hulle kan bewys dat hulle dit nie sonder finansiële steun kan doen nie. Individuele gevalle is in die verlede behandel sonder inagneming van die eise van die hele provinsie. Die volgende faktore moet in aanmerking geneem word alvorens 'n stelsel vir die hele provinsie neergelê kan word:

(i) <u>Die behoeftigheidsindeks</u>.

Daar is gevind dat gemiddeld sestig persent van die leerlinge buite die drie-myl-grens ondersteuning van een of ander aard moet ontvang. In sommige distrikte is daar egter bykomende faktore wat hierdie gemiddeld laat varieer het van veertig tot tagtig persent in sekere gebiede.

(ii) <u>Die aantal leerlinge buite die drie-myl-grens</u>.

Hierdie syfers toon groot afwykings in die verskillende distrikte.

(iii) <u>Die gemiddelde afstand wat afgelê word deur leerlinge buite hierdie grens</u>.

In die volgende tabel (Tabel lV) word aangetoon hoe 'n kleiner omgewing wat deur 'n skool bedien word, 'n groter verhouding van vervoer- tot losiesbeurse meebring.

Tabel lV - sien volgende bladsy.

TABEL IV.[1]

Tabel om aan te toon tot welke mate die bevolkingsdigtheid die verhouding van vervoer- tot losiesbeurse beïnvloed.

| Oppervlakte deur skool bedien in vk. myl. | Gemiddelde afstand van leerlinge van die skool. | Verhouding Vervoer - Losies. |
|---|---|---|
| 50 | 3½ | 2 : 1 |
| 100 | 5 | 1 : 1 |
| 150 | 6 | 1 : 2 |
| 200 | 7 | 1 : 3 |
| 300 | 8½ | 1 : 4 |
| 350 | 9½ | 1 : 5 |
| 600 | 12½ | 1 : 9 |

(iv) Daar moet vasgestel tot watter mate konsentrasie (sentralisasie) die ontmoediging van eenmanskole meegebring het.

Beursgelde moet nie die middel wees om sentralisasie te bevorder nie, maar die besparing wat gemaak word op salarisse en geboue - minder onderwysers en geboue is nodig wanneer klein skooltjies uitgeskakel word - moet aangewend word om addisionele beursgeld te voorsien.

(v) Spesiale omstandighede.

Hier is daar veral drie streke wat besondere oorweging moet geniet, naamlik die dunbevolkte, armoedige bosveld, die delwerye en gebiede waar as gevolg van 'n verskeidenheid van faktore 'n groot aantal armblankes saamgetrek is.

b. Losiesbeurse.

Waar laer- en hoërskoolleerlinge in dieselfde goewermentskoshuis is, behoort daar nie so 'n groot verskil tussen die losiesgeld van die onderskeie leerlinge te wees nie. Vir laerskoolkoshuise is daar

1) Beurskommissie-verslag, 1925.

gevind dat die gemiddelde losiesgeld vyf pond per kwartaal is. (Privaatlosies word nie aanbeveel nie, aangesien hulle bevinding was dat dit dikwels die enigste bron van inkomste is van die persoon wat die losies verskaf.)

Beurse moet op die algemene basis van nege pennies per skooldag (£7- 10s. per jaar) toegeken word, met dien verstande dat in die geval van kosgangers, wat nie naweke uit die koshuis afwesig is nie, die berekening per kalenderdag moet wees. Dit sal vir die skoolrade makliker wees as die toekennings kwartaalliks gemaak word, want dan sal hulle in staat wees om hulle toewysings behoorlik te verdeel. Die verwagte aantal losiesbeurse teen £7 - 10s. plus die vervoer en diere gesamentlik teen £1 - 6 - 8 per leerling, vorm dan die totale toekenning per skoolraad. Verder behoort daar in die provinsie se jaarlikse beraming voorsiening gemaak te word vir onvoorsiene uitgawes en die salaris van 'n toesighoudende persoon wat verantwoordelik sal wees vir die behoorlike administrasie van hierdie geld.

Die kommissie is van oordeel dat die sestig persent behoeftigheidsindeks waarskynlik sal verminder as die invloed van plae soos droogtes en sprinkane nie meer so erg deur die boerebevolking gevoel word nie. Dank word uitgespreek teenoor die rade vir die goeie werk wat deur hulle gelewer is, maar terselfdertyd word daarop aangedring dat die gegewens wat hulle instuur noukeuriger moet wees en dat dit uiters noodsaaklik is dat daar 'n amptenaar benoem sal word om in gedurige voeling te bly met die wisselende toestande in die distrikte, met rade, magistrate en koshuisfasiliteite en dan verslag doen aan die Departement. Behalwe die beursgelde wat aan rade toegewys word (vir 1925 was dit £25,000) behoort daar voorsiening gemaak te word

vir 'n bedrag van £2,000 vir spesiale gevalle, £600 vir die organiserende amptenaar en £2,000 vir toevallige uitgawes.

'n Vergelyking tussen die opgawes van vier distrikte waarby die faktore soos deur die kommissie aanbeveel, in berekening gebring word, toon baie duidelik aan dat die vroeëre beleid van gelyke toewysings aan skoolrade heeltemal onregverdig was. Tabel V gee hiervan 'n beeld.

TABEL V.[1]

Toewysings aan skoolrade vir beurse met inagneming van bevolkingsdigtheid en behoeftigheidsindeks.

| | Ermelo. | Heidelberg. | Potchefstroom. | Zoutpansberg. |
|---|---|---|---|---|
| Behoeftigheidsindeks | 43 | 51 | 64 | 57 |
| Leerlinge van 3-myl + | 890 | 1346 | 1091 | 586 |
| Totale opp.(vk.myle) | 3003 | 2316 | 4904 | 12198 |
| Aantal skole | 30 | 53 | 52 | 20 |
| Vk. myle per skool | 100 | 44 | 94 | 610 |
| Vervoer : Losies | 1:1 | 2:1 | 1:1 | 1:9 |
| Vervoerbeurse | 319 | 630 | 455 | 90 |
| Koste - Vervoer | £425 | £840 | £608 | £120 |
| Leerlinge : Losiesbeurse | 64 | 58 | 91 | 302 |
| Koste - Losiesbeurse | £480 | £435 | £652 | £2265 |
| Totale toewysings | £905 | £1275 | £1260 | £2385 |

c. Hoërskole.

Die bevinding van die kommissie is dat die totale toewysing vir hoërskole te groot was omdat die toekennings wat deur rade gemaak is, geen bevrediging gee nie. Terwyl sommige rade die beskikbare geld tussen 'n groot aantal leerlinge verdeel het, is in ander gevalle volle beurse van £30 elk aan 'n bepaalde groep toegestaan. Sommige rade het nie eers hulle hele toewysing gebruik nie, terwyl andere weer addisionele

1) Rapport van Beurskommissie.

bedrae aangevra het. Om meer eenvormigheid te bewerkstellig, word die volgende basis van toekenning aanbeveel:

(i) Die bestaande beurse moet vir die termyn van toekenning bly voortbestaan.

(ii) Die skoolinspekteur moet 'n lys opstel van leerlinge buite die drie-myl-grens wat met vrug 'n hoërskoolkursus kan volg. Daar moet egter nie net gelet word op eksamenuitslae nie; die skoolhoof se aanbeveling moet ook in aanmerking geneem word.

(iii) Hierdie gegewens word hersien deur die behoeftigheidsindeks in berekening te bring, en die toekennings aan rade sal soos volg bepaal word:

As die inspekteur byvoorbeeld tweehonderd leerlinge aanbeveel, die behoeftigheidsindeks sestig is en „a" die totale toekenning vir die provinsie voorstel, kan die bedrag wat aan die bepaalde raad uitbetaal moet word, met die volgende formule bereken word:

$$\frac{\text{60\% van 200} \times a}{\text{Totale getal beursleerlinge in Transvaal.}}$$

d. Aanbevelings van die kommissie.

(i) Vir laerskole.

1. Die drie-myl-grens kan in die volgende gevalle verminder word na twee myl: As paaie baie sleg is - in turf-of bergagtige streke - , waar daar gevare bestaan - soos wilde diere of naturelle - en in die geval van baie jong leerlinge.

2. Aan leerlinge wat verder as vyftien myl woon, moet beurstoekennings per kalenderdag en nie per skooldag gemaak word word nie.

3. Beursaanvrae moet op vasgestelde vorms gemaak word. (Die latere T.O.D. 348).

(ii) Sekondêre skole.

1. Rade moet die reg hê om alle beurse aan die begin

van die jaar in hersiening te neem en wysiginge aan te bring indien dit nodig mag blyk.

2. Maksimum toekennings mag van £30 na £36 opgeskuif word sonder dat die totale toewysing van die raad egter oorskry word. Dit moet dan gebaseer wees op sowel die finansiële posisie van die ouer as die eksamenuitslae.

3. 'n Behoorlike ooreenkoms moet aangegaan word tussen die ouer en die Departement, sodat terugvorderings gemaak kan word indien 'n kind sonder genoegsame rede uit die skool geneem word voordat die kursus voltooi is.

4. Wanneer 'n beurs verval, moet die raad die reg hê om dit aan 'n ander verdienstelike leerling toe te ken. In beginsel moet daar nie balanse oorgedra word na die volgende jaar nie.

(iii) Leningsbeurse.

1. Wanneer die totale beurstoelae van die provinsie vir hoërskole na £25,000 verminder word, kan 'n gedeelte van die besparing wat sodoende bewerkstellig word, vir leningsbeurse opsy gesit word.

2. 'n Plaaslike leningsfonds kan deur rade gestig word en private bydraes kan dan hierin gestort word met vermelding van die omstandighede waaronder dit toegeken sal word.

3. 'n Subsidie van die Administrasie sal toegeken word met inagneming van die behoeftigheidsindeks. Aan distrikte waar die behoeftigheidsindeks minder as 50 is, sal die subsidie tien sjielings vir elke pond wees wat deur middel van plaaslike inisiatief bygedra is; met 'n indeks van 51 tot 75 op die pond-vir-pond basis en daarbo twee pond vir elke pond. Hoewel vry beurse in die afgelope jare die redding van baie was, sal leningsbeurse 'n opheffende invloed kan uitoefen.

4. Addisionele toelaes om leerlinge uit koorsgebiede te verwyder skyn nie geregverdig te wees nie.

5. As hierdie beleid eers behoorlik in werking is, sal slegs een-derde van die toekennings vry beurse wees.

e. <u>Beursregulasies wat hierop gevolg het</u>.

Die aanbevelings van die Beurskommissie het die onmiddellike aandag van die Departement geniet. 'n Reeks wysigings is aangebring om in die bestaande behoeftes te voorsien en is uiteindelik in 1927 saamgevat.[1] Hierdie regulasies het van krag gebly tot 1935, toe die hele stelsel hersien is om aan te pas by die reorganisasie van die Transvaalse koshuisstelsel.

Volgens regulasies is in 1927 bepaal dat geen leerling 'n beurs sal ontvang voordat hy die sewende jaar voltooi het nie. Vir leerlinge wat verder as tien myl van die skool af woon, kan die beurs geldig wees vir elke kalenderdag van die kwartaal; die reël sal ook van toepassing wees op besondere gevalle wat nie nader as twee myl van die skool af gewoon het nie. 'n Beurs kan toegeken word aan leerlinge wat minder as drie myl, maar nie nader as twee myl van die skool af woon nie, as volgens die oordeel van die raad so 'n leerling nie in staat is om sonder 'n beurs 'n skool te besoek nie vanweë ontoereikende of slegte paaie of terrein-gesteldheid, of as die klimaatsgesteldheid van die omgewing dit vereis. As die leerling aan 'n liggaamsgebrek ly wat dit vir hom of haar onmoontlik maak om die skool te besoek soos 'n normale kind in soortgelyke omstandighede sou kon doen, is geen afstandsbeperking van toepassing nie.

In die geval van middelbareskool-leerlinge kan

---

1) Adm. Ken. Nommers 505 van 1925, 310 en 425 van 1926, 159 en 226 van 1927.

'n beurs, wanneer dit van een leerling teruggetrek word, aan enige ander leerling toegesê word op aanbeveling van die skoolhoof en beherende liggaam of raad. Sodanig toekenning kan jaarliks hernu word vir dieselfde tydperk as wat die beurs oorspronklik van krag was. By die oorplasing van leerlinge van 'n laer- na hoërskool moet die ouer hom tot die skoolraadsdistrik bepaal; alleen wanneer daar meer as een hoërskool in die distrik is, sal die ouer die reg van keuse hê. Geen beurs sal egter daarna van een skool na 'n ander oorgeplaas word sonder die goedkeuring van die Direkteur nie.

Leningsbeurse sal aan studente wat normaalskole bywoon, toegeken word nadat 'n spesiale verbintenisvorm onderteken is. Dit kan geheel of gedeeltelike koste dek van losies, onderhoud, vervoer, boeke, universiteits- en eksamengeld. Hierdie lening geskied sonder rente, maar die student onderneem om 'n sekere aantal jare diens vir die Departement te lewer na voltooiing van die opleidingskursus.

Verder word in hierdie regulasie voorsiening gemaak vir losiesbeurse aan leerlinge wat binne die drie-myl-grens van 'n goewermentskool woon, as die bepaalde skool nie voldoen aan die standaard van onderwys wat die leerling moet ontvang nie, of as die voertaal van die leerling nie dieselfde is as wat in die skool gebesig word nie.

Beurse by skole wat opgerig en in stand gehou is kragtens artikel drie-en-twintig van die wet, dit wil sê, middelbare- en hoërskole, het van tyd soveel wysigings ondergaan[1] dat hier slegs 'n samevatting gegee word van die beursregulasies wat van toepassing was by die soort skole aan die einde van die tydperk

1) Adm. Ken. Nos. 226 van 1927, 739 van 1930, 574 van 1931, 72 en 105 van 1934, 678 van 1935, 719 van 1936.

onder bespreking.[1)]

Art. 21 bepaal dat die Direkteur vanaf 1 Januarie 1936 beurse wat vir een jaar gehou sal word, kan toeken aan behoeftige leerlinge aan sodanige skole as hy mag goed dink. Die bedrag word dan deur die Direkteur vasgestel en sal nie meer beloop as die grootste bedrag wat kragtens hierdie regulasie toegeken mag word nie.

In Artikels 22 tot 25 word neergelê dat hierdie beurse slegs van toepassing is op na-standerd ses leerlinge, nie 'n bedrag van £36 per jaar sal oorskry nie en vir die volgende jaar hernu kan word, mits die Direkteur oortuig is dat die gedrag en vordering van die bepaalde beurshouer bevredigend is.

Artikels 26 en 27 maak voorsiening vir beurse aan leerlinge wat 'n eerste klas in die Juniorsertifikaateksamen behaal het, wat volgens die mening van die Direkteur nie binne maklike bereik van die skool is nie, of wat weeskinders of kinders van weduwees is. Dit is ook van toepassing op leerlinge wat in die voorafgaande jaar in 'n ander provinsie woonagtig was, maar intussen na die Transvaal verhuis het en aan die hierbogenoemde bepalings voldoen.

In Artikels 28 tot 30 word bepaal dat die bedrag wat toegeken sal word aan na-standerd agt leerlinge hoogstens £36 per jaar sal beloop, hernu mag word, mits die gedrag en vordering bevredigend is en dat beurshouers in 'n koshuis moet tuisgaan tensy die Direkteur anders bepaal.

Samevattend kom die beleid wat gevolg is in verband met die toekenning van beurse op die volgende neer: Aan behoeftige leerlinge van skoolpligtige leeftyd wat buite die drie-myl-grens woonagtig was,

---

1) Adm. Ken. Nos. 678 van 1935 en 719 van 1936.

(met sekere uitsonderings) is hulp verleen om 'n skool te besoek wat beantwoord het aan die standaard- en voertaalvereistes. In die geval van na-standerd agt leerlinge is 'n bepaalde skoolprestasie en bevredigende vordering in aanmerking geneem. Rade het beslis oor die toekenning van laerskoolbeurse, terwyl die Direkteur hoërskoolbeurse beheer het.

f. <u>Tot welke mate die sentalisasiebeleid en die koshuisstelsel deur die toepassing van die beurs-regulasies beïnvloed is</u>.

Uit die jaarverslae van die inspekteurs van onderwys blyk dit dat die Departement nog nie so ver kon kom om 'n bepaalde beleidsrigting konsekwent deur te voer nie; daar is nog te veel op 'n eksperimentele wyse te werk gegaan. By baie van die buiteskole het reeds koshuise bestaan om die sentralisasiebeleid prakties deur te voer. Losiesbeurse was egter so klein (in baie gevalle minder as 'n sjieling per skooldag) dat kosinrigtings by die kleiner skole gevaar geloop het om gesluit te word, nieteenstaande daar geen fout met die bestuur en behandeling van kosgangers onder die omstandighede gevind is nie.[1]

Die Uitvoerende Komitee van die provinsie het die instelling van motorvervoerskemas goedgekeur en skoolrade was ten gunste van sentralisasie.[2] Tog word in dieselfde jaar deur regulasie bepaal dat goewermentskole in spesiale gevalle gestig kan word met 'n inskrywing van vyftien, terwyl die minimum inskrywing vir 'n ondersteunde skool in die toekoms ses sou wees.[3] 'n Geval het reeds voorgekom waar sekere seksies van die samelewing onderlinge moeilikhede gehad het en een groep dan besluit het om hulle eie klein skooltjie te stig.

1) Dir. Verslag 1927: insp. J.G. de Vos, 131.
2) Ibid, insp. H. Voss, 147.
3) Ibid, insp. B.J. Viljoen, 145.

2. <u>Koshuise onder beheer van plaaslike liggame en komitees geniet meer aandag.</u>

Dat daar nog heelwat te verbeter was op die bestuur van koshuise blyk uit die feit dat inspekteurs F. C. du Plessis en D. Linney hulle ten gunste van motorvervoer verklaar het as 'n middel tot sentralisasie, terwyl inspekteur H. Voss die mening toegedaan was dat koshuise alleen die probleem van sentralisasie sal oplos as daar groter kostes aangegaan word en beter toesig gehou word as wat die geval is.[1)]

Nadat verskeie inspekteurs reeds vir baie jare aanbeveel het dat daar meer kontrole oor die werk van plaaslike komitees uitgeoefen moes word, is daar uiteindelik daarvoor voorsiening gemaak deur die byvoeging van 'n aanvullende hoofstuk by die regulasies betreffende toelaes vir die meubileer en uitrus van koshuise verbonde aan laer en hoërskole, uitgesonderd die hoërskole ten opsigte waarvan van regeringsweë koshuise opgerig is. Waar die eerste hoofstuk slegs 'n samevatting is van regulasies wat voorheen reeds oor hierdie saak uitgevaardig is (en in die vorige hoofstuk van die werk uiteengesit is), kom die tweede deel met 'n nuwe benadering van die hele aangeleentheid.

a. <u>Regulasies word opgestel om beter kontrole te verkry.</u>[2)]

Waar hierdie regulasies van aktuele belang is vir die behoorlike kontrole en beheer van enige koshuis deur plaaslike komitees, word dit hier volledig gegee:

Artikel 12: Die Administrateur kan twee persone, hetsy amptenare van die departement, of onderwysers, of ander persone wat hy goedkeur, tot lede van 'n plaaslike

1) Dir. Verslag 1927, 141, 156 en 147.
2) Adm. Ken. No. 70 van 1927 soos gewysig deur No. 723 van 1930.

komitee benoem. Van sodanige lede sal nie verlang word om geldelike aanspreeklikheid te aanvaar nie.

Artikels 13 tot 16: Die komitee sal 'n penningmeester benoem wat 'n lid van die komitee of enige ander persoon deur die Departement goedgekeur, kan wees. Hierdie persoon sal behoorlik boek hou van alle inkomste en uitgawes op 'n wyse soos deur die Direkteur voorgeskryf en die boeke sal vir inspeksie en kontrole ter insae lê vir enige amptenaar van die administrasie.

Artikel 17: Losiesgeld wat in rekening gebring word, moet goedgekeur word deur die Direkteur en is vooruitbetaalbaar.

Artikel 18: 'n Bedrag van nie minder as ses persent van die ontvangste van losiesgeld sal opsy gesit word vir vervanging van meubels en uitrusting.

Artikel 19: 'n Huisvader en matrone (in spesiale gevalle alleen 'n matrone) sal benoem word deur die komitee, onderworpe aan die goedkeuring van die Direkteur, en by benoeming van 'n huisvader sal die komitee die voorkeur gee aan 'n lid van die skoolpersoneel.

Artikel 20: Die salaris van die matrone sal goedgekeur word deur die Direkteur wat, onderworpe aan die goedkeuring van die Administrateur, 'n subsidie kan toestaan vir die salaris van die matrone.

Artikel 21: Behalwe in spesiale gevalle, wat deur die Direkteur goedgekeur is, sal ten minste een personeellid in die koshuis gehuisves word en, onderworpe aan die algemene instruksies van die skoolhoof, sal hy verantwoordelik wees vir die toesig met die studies van die leerlinge wat in die koshuis inwoon.

Artikel 22: Losiesgeld vir diensdoende onderwysers en hul gesinne kan deur die komitee bepaal word

met die goedkeuring van die Direkteur.

Artikel 23: Dit sal die plig van die komitee wees om reëls op te stel vir die roetinebeheer van die koshuis en vir die tariewe wat in berekening gebring moet word ten opsigte van toevallige besoekers of ouers.

Artikel 24: Vakansiereëlings word aan die diskresie van die komitee oorgelaat.

Artikel 25: Die koshuis kan op enige tyd geïnspekteer word deur die skoolinspekteur, die skoolhoof of enige amptenaar van die departement wat vir daardie doel aangestel is.

Artikel 26: As na oorweging van die rapport van die ouditeur of van die skoolinspekteur, die Direkteur van opinie is dat die koshuis nie bevredigend beheer word nie, kan hy van die komitee eis om sodanige stappe te doen as hy nodig ag om 'n verbetering aan te bring. As die komitee in gebreke bly om aan so 'n opdrag te voldoen, sal die Direkteur die saak verwys na die Administrateur, wat magtiging kan verleen om die koshuis te sluit.

Artikel 27: Regulasies Nommers 12 - 26 sal nie van toepassing wees op enige koshuis wat opgerig, gemeubileer of uitgerus is in terme van die regulasies van krag voor Januarie 1927 nie (privaat koshuise dus uitgesluit), tensy

(i) die komitee te kenne gee dat hulle die regulasies aanvaar, of

(ii) die Administrateur oortuig is dat die betrokke komitee nie voldoen aan die maatreëls vasgestel in daardie regulasies of enige verbintenis aangegaan het vir die doel van die oprigting van 'n koshuis wat ondersteun sal word ooreenkomstig hierdie regulasies nie.

Waar daar in die verlede geen bepaalde vereistes gestel is aan die inwendige beheer van koshuise wat deur plaaslike komitees bestuur is nie, stel hierdie regulasies baie meer kontrole deur die Departement in die vooruitsig. Dit word aan die skoolinspekteur en skoolhoof opgedra om inspeksie te doen oor die algemene opvoedkundige aangeleenthede, terwyl die Direkteur losiesgeld sal goedkeur en beslis oor die benoeming van inwonende- en huishoudelike personeel. Ook sal die Departement die metode van boekhouding bepaal en die provinsiale ouditeur sal hieroor 'n verslag doen, waarin onder andere gemeld word of daar voorsiening gemaak word vir vervanging van uitrusting. In uiterste gevalle waar komitees nie uitvoering gee aan die wenke van die inspekteur en ouditeur nie, kan die Administrateur selfs magtiging verleen vir die sluiting van die koshuis.

b. Leemtes in die regulasies wat die toepassing daarvan bemoeilik het.

Artikel 25 van die regulasies bepaal dat die koshuis op enige tyd deur 'n inspekteur, die skoolhoof of 'n amptenaar deur die Departement benoem, geïnspekteer kan word. Die aard en omvang van hierdie inspeksie deur die inspekteur is egter nie nader omskryf nie, met die gevolg dat hy dit nie as sy plig beskou het om noukeurig daarop te let of aan al die bepalings uitvoering gegee is nie. As daar geen ernstige klagtes ingedien is nie en die inrigting die algemene indruk van netheid en goeie versorging van die kosgangers gemaak het, soos deur 'n oppervlakkige besoek vasgestel kon word, was hy tevrede.

Ook is daar nie voorsiening gemaak vir die benoeming van 'n amptenaar om die geldelike sake van die inrigtings te kontroleer nie. Gevolglik moes

komitees nog maar self die dienste van 'n private rekenmeester verkry, indien hulle dit wenslik geag het, om die boeke na te sien, 'n verslag oor die werk van die penningmeester op te stel en 'n geldelike staat van die inrigting aan hulle voor te lê.

Hierdie leemtes kon tot gevolg hê dat 'n koshuis na die inwerktreding van die regulasies nog op die volgende wyse beheer kon word:[1]

Die bepaalde koshuis het in 1932 tot stand gekom en die plaaslike komitee het 'n akte van waarborg aan die Departement gestuur. Hierna is die maandelikse huurgeld van die gebou, wat privaat eiendom was, deur die Administrasie vergoed, beursgelde vir kosgangers is op die gewone wyse kwartaalliks aan die komitee uitbetaal, en kwartaallikse koshuisstate is ingedien. In die departementele lêer van die koshuis is daar verder geen korrespondensie of gegewens gevind vir die jare 1933 tot 1945 nie, maar intussen het die koshuis bly voortbestaan en is dit beheer volgens goeddunke van die komitee.

Geen persoon is ooit deur die Administrateur as addisionele lid van die komitee benoem nie; komiteelede het met die loop van jare verwissel sonder dat die Departement daarvan in kennis gestel is; penningmeesters is deur die komitee benoem en hulle het die boekhouding waargeneem sonder die vaagste besef van wat 'n boekhoustelsel beteken. In al die jare het 'n ouditeur nooit sy verskyning gemaak nie en is die Departement nooit in kennis gestel van verandering van losiesgeld nie; ook nie die aanstelling van huisvaders en matrones of die name van personeellede

1) Persoonlike ervaring van die Sheepmoor Goedgekeurde Koshuis, waar die skrywer hiervan in sy hoedanigheid as skoolhoof intieme kennis dra, en soos gevind kan word in die notules van die komitee.

nie. Die skoolinspekteur het darem tydens sy jaarlikse besoek aan die skool ook 'n vlugtige besoek aan die koshuis gebring.

Aan die skoolhoof is duidelik te kenne gegee dat dit 'n toegewing van die komitee is dat hy (die hoof) uitgenooi word na hulle vergaderings. Nadat skrywer hiervan daarin geslaag het om uitrusting van die Departement te verkry (soos reeds aangetoon in hoofstuk 111) is geleende meubelstukke sover moontlik aan hulle regmatige eienaars terugbesorg en is alle ander meubels en „uitrusting", wat aan die komitee behoort het per publieke veiling verkoop vir 'n bedrag van £27.

Dat daar egter sommige inrigtings was waar uitstekende werk gedoen is, en nog steeds gedoen word, getuig die bestaan van 36 koshuise wat in 1948 nog beheer is deur plaaslike komitees of liggame nadat die provinsiale koshuisstelsel reeds vir twaalf jaar in werking was.[1]

3. <u>'n Eerste stap in die rigting van 'n provinsiale koshuisstelsel</u>.

'n Vermindering in die getal kosgangers gedurende die depressiejare het aangetoon dat die toestande baie ernstig gevoel is deur die buitebevolking. Die moeilikheid om werk te kry vir kinders wat die skool verlaat, het twyfel by die ouers gewek of dit 'n goeie belegging was om geld te bestee aan die onderwys van hulle kinders.[2] Waar die Provinsiale Administrasie die huurgeld van geboue betaal het, kon hulle aanbeveel dat koshuise gesluit word indien die inskrywing nie die instandhouding daarvan geregverdig het nie.[3]

---

1) Dir. Verslag 1948: Koshuisopgawes.
2) Dir. Verslag 1931: insp. W. A. Visser, 96.
3) Notules van koshuiskommissie en korrespondensie in die argief van die N. H. of G. Kerk, Ermelo.

Terwyl die koshuiskommissie van die N. H. of G. Kerk van Ermelo onder druk van hierdie moeilike omstandighede moes voortsukkel, is die voorstel gemaak dat die Provinsiale Administrasie die koshuise wil oorneem. Op 'n vergadering waar die provinsiale raadslid, S. P. Bekker (die latere administrateur) teenwoordig was, is die saak tot in die fynste besonderhede bespreek.[1] Waar die voorstel van regeringsweë gekom het na die noodgedwonge sluiting van die een koshuis, is besluit dat, as die komitee nie daarin slaag om binne ses maande die koshuis vol te kry nie, al die koshuise aan die Administrasie oorgemaak sal moet word. Daar is 'n afvaardiging gekies om die Uitvoerende Komitee te ontmoet, maar raadslid Bekker het hulle meegedeel dat so 'n stap betreklik nutteloos sou wees, aangesien die Uitvoerende Komitee op daardie stadium in onderhandeling met vier gemeentes was om die koshuise onder hulle beheer oor te neem.

Die komitee het dit hulle plig geag om aan die Administrasie te bewys dat dit vir hulle voordelig sou wees om die koshuise oor te neem. Intussen moet die geboue gewaardeer word sodat daar 'n basis vir onderhandeling kon wees. Toe die geboue opgerig is, was daar geen koshuise en hoërskole soos in 1930 nie. Toestande het baie verander want die kerk moes nou met die regering kompeteer. En om die saak van die kerk verder te bemoeilik, is daar melding gemaak van die feit dat die regering geld gestem het vir aankoop of bou - die huurgeld sou dus selfs later gekanselleer word as die regering sou besluit om hul eie geboue op te rig.

Op 'n volgende vergadering[2] het die komitee die saak gewonne gegee. Hulle het nie langer kans gesien

---

1) Notule, gedateer 1 November 1930.
2) Ibid, gedateer 6 Desember 1930.

om as konkurrent van die Administrasie, wat aan kosgangers in hulle eie inrigtings groter beurse toeken, op te tree nie. Hoewel dit swaar was om afstand te doen, kon skulde op die manier uitgedelg word, terwyl die inwendige bestuur nogtans by die kerkraad sou bly.

Ondertussen is daar voortgegaan met die waardering van die geboue. Ons haal aan uit die brief van die taksateur wat namens die kerkraad opgetree het.[1)]

„By die bespreking van die basis waarop gewaardeer sou word, het ek nadruk gelê op die volgende:

(a) Die prysenswaardige optrede van die kerkraad om in die bres te spring om koshuise op te rig op hul rekening en verantwoordelikheid en dit vir al die jare te dryf en beheer, alles ter wille van die goeie saak van onderwys, sonder enige vergoeding behalwe huur vir geboue en uitrusting.

(b) Dat die kerkraad hiermee feitlik vrywilliglik die werk en verantwoordelikheid van die provinsiale administrasie oorgeneem het om die vooruitgang van onderwys nie te strem nie.

(c) Dat om self koshuise te bou op die mees ekonomiese wyse op verskillende tye, al na dit nodig was, hulle die administrasie 'n aansienlike som bespaar het, want as die administrasie die geboue moes opgerig het deur bemiddeling van die publieke werke departement, die uitgawe in verband daarmee veel hoër sou gewees het.

(d) Dat die kerkraad in al die jare wat hulle die groot finansiële verantwoordelikheid van die koshuise op hul skouers gedra het, gestrem was in hul finansies in ander rigtings.

(e) Dat ander sentra wat nie so ywerig was, en so 'n inisiatief en vitaliteit aan die dag gelê het in belang van onderwys nie, feitlik in 'n voordeliger posisie geplaas was, daar die administrasie uit provinsiale fondse koshuise daar opgerig het om voorsiening te maak in die plaaslike behoeftes.

(f) Dat die administrasie in aanliggende dorpe in kompetisie getree het met die Ermelo kerkkoshuise deur koshuise daar op te rig en daardeur die Ermelo koshuise in 'n sekere mate afbreuk gedaan het.

(g) Dat die kerkraad van Ermelo onder die omstandighede dus, bo en behalwe die beste vergoeding vir bestaande bates, ekstra kompensasie behoort te kry vir al die jare wat hul die verpligtinge van die provinsiale administrasie op hul skouers gedra het."

Die taksateur van die provinsiale argitekskantoor het egter die waarde vasgestel op tien sjielings per vierkante voet vloeroppervlakte en nie op die getal kosgangers wat gehuisves kon word nie. Hy verklaar ook dat die oorwegings deur die kerklike taksateur geopper, nie sy waardasie kon beïnvloed nie; dit is 'n

1) Brief van A. Smuts aan kerkraad, 22 April 1931.

saak wat voor die Uitvoerende Komitee van die provinsie self gelê moes word.[1]

'n Bedrag van £27,100 is deur die Administrasie aangebied vir die oorname van die koshuisgeboue[2] en hierdie aanbod is uiteindelik deur die kerkraad aanvaar.

Die kerkraad het egter nog geen duidelikheid gehad oor wat die oorname van die koshuise deur die Administrasie alles behels het nie. Hierdie verwarrende posisie word baie duidelik geskets in die volgende brief:[3]

„1. Daar bestaan geen duidelikheid omtrent wie die finansiële verantwoordelikheid moet dra nie.

2. Wat gebeur as daar miskien met 'n tekort gesluit word aan die einde van die jaar?

3. Wat omtrent die salarisse van musiekonderwyseresse en onderwysers? Wat word van die betaalde musiekfooie?

My kommissie het geen beswaar en wil graag aan die versoek van die provinsiale administrasie gehoor gee om die beheer van die koshuise voorlopig voort te sit, maar daar dit beskou word dat vanaf die sewentiende Augustus die koshuise inwendig sowel as uitwendig gedryf word vir rekening en ten behoewe van die administrasie dit noodsaaklik is dat

(i) Ouditeure aangestel word met die oog op afsluiting en oormaaking van die boeke.

(ii) 'n Nuwe bankrekening geopen word.

(iii) Vasgestel word by wie outorisasie verkry moet word vir die aanbring van reparasies, inwendig sowel as uitwendig."

Die antwoord van die Administrasie op hierdie kernvrae toon aan dat daar nog nooit juis aandag aan dié aspek van die saak gegee is nie. Daar is nou wel ooreengekom oor die koopprys van die geboue, maar of dit nou 'n regerings- of goedgekeurde koshuis sou wees, is nie besluit nie. Dit is te verstaan dat die kerkraad nie met die volgende opdrag tevrede kon wees nie.[4]

„Die bestaande koshuiskomitee sal voortgaan met die beheer oor die ontvangste en uitgawes van die koshuis tot aan die einde van die jaar. Intussen sal op die verskillende kwessies deur u geopper ingegaan word. Ek beveel aan dat u die Regulasies vir die Beheer van Koshuise[5] soveel doenlik volg."

---

1) Brief aan kerkraad, gedateer 24 April 1931.
2) Brief van prov. sekr. aan skoolraadsekr., ged. 14/8/31.
3) Saakgelastigde aan prov. sekr., ged. 30/8/1931.
4) Prov. sekr. aan saakgelastigde, ged. 12/9/1931.
5) Adm. Ken. 70/1927 - vroeër in hoofstuk reeds volledig uiteengesit.

Vir alle praktiese oorwegings het daar verder geen verandering ingetree wat die beheer van die koshuise betref nie, totdat dit in 1936 ingeskakel is onder die provinsiale koshuisstelsel.

4. Sentralisasie word 'n werklikheid: deurvoering van die beleid bring 'n omwenteling van die koshuisstelsel mee.

a. Die jare 1929 tot 1935.

(i) Algemene toestande.

Gedurende hierdie moeilike jare was daar van die kant van die koshuise in Transvaal nie baie tegemoetkoming vir die plattelandse bevolking nie. In meeste van die hoërskoolkoshuise was die losiesgeld £36 per jaar, terwyl op daardie tydstip 'n gemiddelde bedrag van £18 in die Kaapkolonie betaal is. Tog het sommige inrigtings verbonde aan buiteskole daarin geslaag om huisvesting te aan te bied teen £15 per jaar, hoewel dit gevind is dat laasgenoemde inrigtings nie aan hoë eise voldoen het nie. Koshuise sou as opvoedkundige inrigtings meer tot hulle reg kom by groter sentrale skole, waar vergaderplekke kan ontstaan vir die geestelike en maatskaplike ontwikkeling van die jeug sowel as vir die volwassenes van die omgewing. Deur aan die plattelandse bevolking 'n sekere mate van plesier en aangename tydverdryf in hulle eie omgewing te verskaf, kon 'n teenvoeter daargestel word vir die toestroming na die dorpe.[1)]

Koshuise onder die beheer van plaaslike komitees het nie altyd meegewerk om die toekomstige burger beter vir sy lewenstaak toe te rus nie. „Waar die

hoof en sy personeel druk besig was om die kind in die regte rigting te stuur, kom liewe goeie mense, soos die huisvader en huismoeder gewoonlik is, tussenbeide en - sonder slegte bedoelings- word in 'n

---

1) Dir. Verslag 1929: insp. W. A. Visser, 72 - 73.

verkeerde rigting gestuur."[1] Die enigste oplossing hiervoor sou wees dat die skoolhoof ook die hoof van die kosinrigting moet wees. Hy sal dan reëlings tref vir inwoning van personeellede en die algemene organisasie, terwyl die matrone met haar helpers, bygestaan deur 'n plaaslike adviserende komitee, aan die skoolhoof verantwoordelik sal wees. Dit sal wel meer verantwoordelikheid op die skoolhoof en onderwysers plaas, maar dan sal koshuise van baie groter opvoedkundige waarde wees.

Selfs in die geval van hoërskoolkoshuise onder kerklike of ander plaaslike besture, is hierdie leemte aangevoel. Die Direkteur maak melding van die feit dat die neiging wat daar bestaan om meer van die dienste van onderwysers as bestuurders van koshuise gebruik te maak, waarskynlik tot nut van almal sal strek.[2] Van hierdie inrigtings kon oor die algemeen gunstig getuig word: uitrusting was in 'n uitstekende toestand en die gesondheid van kosgangers het min te wense oorgelaat. Onpartydige ouditering van die geldelike sake word egter aanbeveel.

Dat koshuise 'n onmisbare deel van die onderwysstelsel geword het, veral in die dunbevolkte streke, blyk uit die volgende aanhalings uit skoolinspekteursverslae:

„Die koshuise is werklik 'n seën. Was dit nie vir hulle nie sou verskillende skole, weens die beperkings in verband met mond- en klouseer, gesluit moes word. Die feit dat hierdie koshuise oorvol is, bewys dat hulle hul bestaan regverdig."[3]

„Dit skyn asof koshuise in verband met buiteskole gekom het om te bly, omdat hulle andersinds byna onoorkomelike moeilikhede oplos, en omdat hulle veel goedkoper bestuur kan word as die dorpe se instellings."[4]

---

1) Dir. Verslag 1933: insp. W. A. Visser.
2) Dir. Verslag 1930: Middelbareskool-koshuise, 51 -52.
3) Dir. Verslag 1933: insp. W. T. Hurter, N.W.-kring.
4) Ibid, insp. B. J. Viljoen, N.-kring.

(ii) Wetenskaplike benadering van koshuis-aangeleenthede.

S. P. E. Boshoff, direkteur van onderwys het 'n omvattende program van aksie ten opsigte van koshuise in die vooruitsig gestel.[1] In sy aanbevelings wat aandag verdien, vind ons onder meer die volgende: „'n Meer bevredigende reëling in verband met die beheer en administrasie van skoolkoshuise." Ook word daar vir die eerste keer in die geskiedenis van koshuise 'n memorandum opgestel oor voeding en algemene higiëne in die Transvaalse koshuise. Uit hierdie memorandum kom die volgende omvattende lys van sake na vore: Stortbaddens en warmwatervoorsiening word as 'n vereiste gestel, terwyl verskeie aanbevelings gemaak word om die higiëniese toestand te verbeter: „French-drains" is nodig om waterplasse naby geboue uit die weg te ruim. Die belangrikheid van goeie ventilasie word beklemtoon (300-500 kubieke voet en 42 vierkante voet vloerruimte per persoon moet as die minimum vereiste gestel word); bestrydingsmiddels teen vlieë, muskiete, luise en kakkerlakke word duidelik omskryf. Verder word 'n rioolstelsel bepleit indien dit enigsins moontlik is en word die vereistes bepaal vir die kombuis en bygaande voorradekamers: Daar moet 'n goeie stoof wees, sementvloere, genoeg kombuisgereedskap, voldoende ventilasie en bêreplek, die voorradekamers moet aan die suidekant van die gebou wees - 'n lugtige koel plek met sementvloere en waar die nodige voorsiening gemaak is vir die bewaring van bederfbare voedselsoorte.

'n Gebalanseerde voedingsisteem word in die vooruitsig gestel. Die regte verhouding tussen koolhidrate, vette en eiwitte, met 'n genoegsame voorsiening van vitamines en minerale soute sal die nodige

1) Dir. Verslag 1932, 11 - 20.

energie en groeikrag verskaf. As daar op gesonde wetenskaplike wyse te werk gegaan word, behoort dit as 'n vereiste gestel te word dat van elke kosganger 'n lengte- en gewigsgrafiek bygehou word sodat die doelmatigheid van voeding gekontroleer kan word. Hierdie grafieke moet nie 'n gedurige skommeling toon nie en geleidelik opwaarts beweeg namate die kind ouer word. Aan die wenke in verband met voeding is eers uitvoering gegee toe daar in 1938 'n diëetskaal vir provinsiale koshuise opgestel is.

(iii) Plattelandse onderwys geniet besondere aandag.

Gedurende die loop van 1934 het administrateur Simon Bekker die nood van die plattelandse onderwys aangeroer. 'n Groot gedeelte van die leerlinge moet die skool na standerd ses verlaat omdat hulle nie beurse kan kry nie. 'n Stelsel van skoolplase word voorgestel waarin leerlinge, seuns sowel as dogters, vanaf standerd vier opgeneem sal word.[1)] Die grootste behoefte bestaan in die bosveld waar malaria, bilharzia en slegte tande geleidelik besig is om die gesondheid van die opgroeiende geslag te ondermyn en die armblankedom met rasse skrede te laat aanwas. Om aan te pas by lokale omstandighede sal dit nodig wees om elke skoolplaas as 'n afsonderlike eenheid te beskou. Dit sal nie wenslik wees om 'n vasgestelde leerplan en reëls vir die interne organisasie van hierdie inrigtings vir die hele provinsie uit te werk nie. Leerlinge moet egter by almal die geleentheid kry om in sowel standerds ses as agt 'n eksamen af te lê en sodoende in aanmerking te kom vir 'n beurs om verdere opleiding by 'n hoërskool te ontvang. Skoolplase sal nie onder die skoolrade ressorteer nie, maar sal onder direkte beheer

1) Dir. Verslag 1934 onder opskrif „Skoolplase."

van die Departement wees.

Hierdie daadwerklike belangstelling van die Administrateur in die plattelandse onderwys het die tydperk van grootskaalse sentralisasie ingelui. Gebeurtenisse wat die ontwikkeling van die beleid sterk ondersteun het, was die volgende:[1]

1) In Februarie 1934 is in Kaapstad 'n belangrike konferensie gehou oor „Landelike Onderwys" ( U. G. 29 - 1934.).

2) Drie maande later is 'n goed bygewoonde kerklike kongres in verband met die opheffing van die versonke deel van die Afrikaanse volk op Rustenburg gehou.

3) Op 'n groot konferensie oor „Nuwe Onderwys", gehou in Julie 1934, is die saak van sentrale plaasskole en skoolplase met groot geesdrif behandel.

In die daaropvolgende jaar (1935) is voorbereidings getref om die plattelandse onderwys, insluitende die koshuisstelsel en toekenning van beurse te reorganiseer.[2] Kaptein Truter van die provinsiale administrasie, in samewerking met die inspekteurs van skole, het byna al die koshuise besoek en samesprekings gehou met skoolraadsekretarisse oor die praktiese toepassing van die beursstelsel. Uit die gegewens wat saamgestel is, blyk dit dat skoolrade nie in die verlede aangedring het watter bepaalde koshuis 'n beurshouer moes besoek nie, solank dit binne hulle area geleë was. Gevolglik was „leerling boerdery" aan die orde van die dag in sekere sogenaamde privaatkoshuise, waar daar geen ag geslaan is op behoorlike akkommodasie nie; die getalle van die skool was die enigste oorweging.

„Where these pupils lodge privately, the bursary cheque is often the sole income of the family taking

1) Coetzee, Onderwys in Transvaal 1838 - 1937, 186 - 187.
2) Dir. Verslag 1935, 9 - 12.

in boarders. In one instance the full cheque for twenty boarders is paid over to the housemaster who looks upon it as his personal salary, leaving exactly nothing for the purchase of provisions for the children. The conditions obtaining at this and other 'institutions' beggar description."[1]

Dertig beursleerlinge wat een skool besoek, regverdig die oprigting van 'n koshuis.

Teenoor 1620 laerskool-beursleerlinge wat in koshuise gehuisves is, was daar 944 privaatloseerders (met beurse) op die dorpe en 2687 op die plase. Privaat losies is deurgaans deur alle inspekteurs afgekeur. Waar hierdie leerlinge versprei is oor 'n groot aantal skole, veroorsaak dit onnodige vermeerdering van personeel- en kapitaaluitgawe. Die besparing deur sentralisasie verkry, kan aangewend word om die toekennings vir kosgangers, wat in erkende skoolkoshuise inwoon, te verhoog. Op die wyse kan genoeg koshuise verskaf word en sal daar 'n einde kom aan privaat losies.[2] (Die verhouding van koshuis- teenoor privaatlosies-beurshouers aan die Van der Merweskool te Ermelo is tans 40 : 1. - sic.)

Die algemene toestand van koshuise in Transvaal was swak. Indien hierdie toestande aan die publiek blootgelê word, sal baie van die antipatie wat daar teen sentralisasie bestaan, verdwyn. Losiesgeld van £30 per jaar vir hoërskoolkoshuise is te hoog. In baie gevalle is 'n wins aangetoon, ten spyte van slegte skulde. Ongelukkig is hierdie winste nie altyd vir opvoedkundige doeleindes aangewend nie, want die komitees dra mos die finansiële verantwoordelikheid en kan gevolglik besluit hoe die geld bestee sou word.[3]

Leningsbeurse is vanaf 1 Januarie 1935 afgeskaf omdat baie van die leerlinge eenvoudig nie in 'n

---

1) Pells: European, Coloured and Native Education in South Africa, 111 - 112.
2) Dir. Verslag 1935.
3) Ibid, Verslae van inspekteurs.

posisie was om terugbetalings te maak nie. Die verpligtinge van persone wat op daardie stadium nog beurshouers was, is opgehef. Die regverdigheid van die beurstoekennings deur skoolrade word in twyfel getrek: Daar bestaan geen sekerheid dat slegs verdienstelike gevalle vir beurse in aanmerking kom nie, met die gevolg dat die beursstelsel, hoe welgemeend ook al, meegehelp het om ons volk tot 'n bedelaarstand te verlaag. Baie ouers het dan ook alle beursgelde as 'n bron van inkomste vir hulself beskou.[1]

Daar is in 1935 reeds 'n aanvang gemaak met die skoolplase te Happy Rest, Merensky, Sandrivier (Kuschke), Bekker en Sannieshof, maar as gevolg van die sementskaarste is die bouprogram baie ingekort en kon daar nie voorsiening gemaak word vir die aangevraagde akkommodasie nie.[2] As daar 'n vergelyking getref word tussen die aantal kosgangers en losiesinrigtings van die verskillende provinsies, vind ons dat die Kaapprovinsie, waar die stelsel van kerkkoshuise vir hulpbehoewendes oorwegend was, ver op die voorpunt was in 1935. Sien Tabel V1 vir die vergelyking.

TABEL V1.[3]

Skole met losiesinrigtings in die vier provinsies, 1935.

| | Aantal skole. | Aantal kosgangers. |
|---|---|---|
| Kaapprovinsie | 290 | 11,852. |
| Transvaal | 152 | 6,332 |
| Oranje Vrystaat | 86 | 2,973 |
| Natal | 42 | 1,807 |
| Totaal | 570 | 22,964 |

1) Dir. Verslag 1935, 20 - 21.
2) Ibid, 16.
3) Offisiële Jaarboek van die Unie van S.A., Nom 18 van 1935.

b. Grootskaalse sentralisasie.[1]

(i) Die nodige masjinerie word in werking gestel.

In die direkteursverslag van 1936 word aangetoon dat van die elfhonderd skole in Transvaal daar in 1936 agthonderd op die platteland geleë was, waarvan die meeste klein skole was. Die voordele van die een- en tweemanskole bestaan daarin dat hulle sosiale kragstasies is, waar „meester" 'n hoogaangeskrewe posisie beklee en as vriend en adviseur van kind sowel as ouer optree. Daar is ook baie moontlikhede om selfwerksaamheid hier uit te bou. Hierdie voordele weeg egter nie teen die nadele of gebreke op nie: hulle beskik oor minder fasiliteite, die vakkeuse is beperk, daar is in die reël min of geen buitemuurse aktiwiteite nie, die mediese inspekteur, skoolverpleegster, tandarts, beroepsvoorligter en skoolpsigoloog besoek hulle selde, die geboue en gronde is gewoonlik ondoeltreffend, assistente ondervind moeilikheid om losies te kry en die skooltjie se bestaan is wisselvallig. Vanuit 'n ekonomiese aspek beskou kan die Departement dit ook nie aanbeveel nie.

Volgens die direkteursverklaring aanvaar die Onderwysdepartement die Christelik-nasionale beginsel dat die ouer verantwoordelik is vir sy kind en dat die ouerhuis die beste plek vir die kind se opvoeding is. 'n Aansienlike aantal leerlinge het egter reeds by die kleiner skole privaat, of in inrigtings waar die toestande gewissel het van goed tot middelmatig, en selfs sleg, geloseer. Hierdie soort losiesleerlinge het drievoudig gely: die daelikse ouerliefde is ontbeer, daar was geen behoorlike huisvesting, toesig en

1) Dir. Verslag 1936, 8 - 14 en 160 - 167, asook 'n toespraak van die Direkteur van Onderwys voor 'n T.O.-kongres, soos weergegee in Die Christelike Skoolblad van Mei 1937, 29 - 31.

voeding nie en die ruimer fasiliteite van die groter skool was afwesig. Die getalsterkte van 'n skool het egter 'n groot rol by skoolraadsekretarisse, skoolhoofde en assistente gespeel. Sentralisasie geld in die eerste instansie ondersteunde leerlinge. Hoe groter die persentasie leerlinge wat geen hulp ontvang nie, des te sterker is die posisie van die skool. Dit sal dan die aantal geassisteerde leerlinge wees wat die deurslaggewende faktor is of daar gesentraliseer moet word. Deur die besparing wat hierdie beleid moontlik maak, kan meer fondse beskikbaar gestel word vir die oprigting van doelmatige koshuisgeboue, beter meubels en ruimer beurstoekennings vir werklike behoeftige gevalle.

Voordat tot enige bepaalde handeling oorgegaan is, is die volgende voorbereidende stappe gedoen om die publiek ten volle op hoogte van die beoogde skema te bring:[1)]

1) Op 1 April 1936 het administrateur S. P. Bekker 'n sterk pleidooi voor die provinsiale raad gelewer, nadat hy 'n uitgebreide reis deur die hele provinsie onderneem en toestande deeglik ondersoek het. In sy referaat verklaar hy dat hy besef dat daar teenkanting sal wees omdat persoonlike belange in die gedrang sal kom, maar „waar ek my met bestaande toestande bemoei, het ek die onderwys van die kind op die hart."[2)]

„Duur losiesinrigtings is in die meeste plattelandse dorpe opgerig en daar is byna nie een van hulle wat nie om meer plaasruimte vir loseerders vra nie. Waarom? Eenvoudig omdat die kinders onder behoorlike omstandighede gehuisves word, in die meeste gevalle behoorlik gevoed word en beter onderwys in 'n gesentraliseerde skool en groter beurse as op die platteland ontvang. Ons is voornemens 'n volledige skema vir elke skoolraadsdistrik uit te werk nadat ons volle inligting in verband met die aantal leerlinge in so 'n distrik ontvang het, sowel as 'n rapport oor

---

1) Dir. Verslag 1936, 160 - 167.
2) Alg. Omsendbrief Nom. 6 van 1936.

die topografie van die distrik. Dit sal dan ingedien en met die raad self bespreek word en indien daar tot 'n ooreenkoms gekom word, sal dit toegepas word op die skriftelike onderneming van die raad dat alle laerskoolbeurse slegs aan erkende koshuise toegeken sal word."[1]

2) Op 'n skoolraadskonferensie, gehou te Pretoria op 5 Mei 1936, is die sentralisasiebeleid eenparig aanvaar.

3) R. S. Ferreira is deur die Departement benoem as voltydse sentralisasie-beampte. Na deeglike ondersoek en samesprekings met skoolhoofde, het hy aanbevelings by die betrokke skoolrade gedoen. Hulle aanbevelings, tesame met die van die skoolinspekteur vorm dan die basis van die Departement se aanbevelings by die Uitvoerende Komitee. Om hierdie gegewens vir die Departement te verwerk en saam te vat, is die dienste van inspekteur F. J. du Toit vir die doel afgesonder.

Die middele wat gebruik is om hierdie sentralisasiebeleid deur te voer, was motorvervoerskemas en koshuise op sentrale punte en skoolplase. Aan die einde van die eerste jaar is hierdie skema reeds in die volgende distrikte deurgevoer:[2]

| Distrik. | Sentrale skole met koshuise. |
|---|---|
| Zoutpansberg: | Alldays, Duiwelskloof, Messina, Mopani. |
| Pietersburg: | Zoekmekaar en Dendron. |
| Potgietersrust: | Welgedacht, Unitas en Naboomspruit. |
| Waterberg: | Alma en Zanddrift. |
| Marico: | Groot Marico en Hermanskraal. |
| Zwartruggens: | Dwaalboom, Zwartruggens en Koster. |
| Middelburg: | Hendrina. |

Ook is daar reeds fluks vordering gemaak met die oprigting van skoolplase. Vyf van die beoogde twaalf het alreeds in werking getree, naamlik Happy Rest (naby Louis Trichardt), Merensky (naby Tzaneen), Bekker (naby Krugersdorp), Kuschke (naby Pietersburg)

1) Alg. Omsendbrief No. 6 van 1936: Toespraak van administrateur Bekker in die Provinsiale Raad.
2) Dir. Verslag 1936: Memorandum Nom. Vl - Sentralisasie, 160 - 167.

en Sannieshof (naby Lichtenburg). Die strewe was om by elkeen van hierdie inrigtings later ongeveer 400 leerlinge te hê - hoofsaaklik in koshuise - sodat daar 80 leerlinge per skooldag beskikbaar sal wees vir buiteskoolse-werksaamhede. Hier is ruimer fasiliteite gebied as in die gewone standerd-agt-skool, 'n atmosfeer van werklikheid sal bestaan en die kind sal bewaar word teen vervreemding van die lewe op die plaas.

(ii) Ontstaan van die provinsiale koshuisstelsel.

In die oprigting van skoolplase en sentrale skole, was dit vir die Departement nodig om 'n algehele omwenteling in die oprigting en beheer van koshuise aan te bring. Dit was nie meer vir die Administrasie moontlik om die inisiatief aan plaaslike komitees oor te laat nie. Gedurende 1936 is daar dertig van die honderd-en-vyftig bestaande koshuise oorgeneem. Hierdie inrigtings sou in die toekoms as provinsiale koshuise bekend staan. Nadat die Provinsiale Administrasie self 'n aantal nuwe koshuise opgerig het, was 112 van die totale 203 inrigtings in 1938 provinsiale koshuise.[1)]

In hierdie inrigtings het die Administrasie alle finansiële risiko's oorgeneem, en alle gelde is uitsluitlik vir koshuisdoeleindes aangewend, onder beheer van 'n superintendent wat deur die Direkteur benoem is. Die maksimum akkommodasie vir elke afsonderlike inrigting is vasgestel, maar 'n vyf-jaar-bouplan sou dit miskien eers moontlik maak om konsekwent volgens hierdie bepaling te handel. Nogtans het die koshuisstelsel gedurende die jare 1934 - 1938 geweldig uit-

---

1) Dir. Verslae vir die genoemde jare.

gebrei soos blyk uit die volgende tabel:

TABEL V11.[1]

Uitbreiding van koshuis-akkommodasie: 1934 - 1938.

| | 1934 | 1938 | Vermeerdering. |
|---|---|---|---|
| Maksimum akkommodasie | 6631 | 9324 | 2693 |
| Aantal kosgangers | 5596 | 8557 | 2961 |
| Inwonende personeel | 403 | 604 | 201 |
| Goewermentsgeboue | 52 | 116 | 64 |
| Gehuurde geboue | 83 | 87 | 3 |

Waar nuwe koshuise opgerig is, het die Departement genoeg ruimte in die eet- en slaapvertrekke beoog, onhigiëniese volproppery moes 'n nekslag toegedien word en ruim voorsiening van bad- en wasfasiliteite, terrein vir speel- en tuinmaak-doeleindes, soveel geriewe vir leerlinge en personeel as moontlik en behoorlike en gesonde voeding moes verskaf word. Vir elke inrigting is daar 'n adviserende komitee, bestaande uit ouers of belangstellendes, benoem. Die pasaangestelde komitees het nog nie besef dat hulle net soos in die verlede fondse vir hulle koshuise kon opbou nie.[2] Onderworpe aan die goedkeuring van hoofkantoor kan surplusgeld in belang van die koshuis aangewend word. Dit is 'n restriksie wat voorheen nie van toepassing was op komitees wat finansiële verantwoordelikheid onderneem het nie, met die gevolg dat surplus fondse deur sommige komitees in kanale gelei is waaruit die kinders nie die minste voordeel getrek het nie. Die Direkteur het sy toespraak afgesluit met die volgende woorde: „Wanneer die sentralisasiebeleid suksesvol deurgevoer is, sal die plattelandse onderwys op pote staan vir die onderwysers sowel as vir die leerlinge. Sentralisasie is oorlog: oorlog teen algar en alles

1) Koshuisopgawes vir die jare 1934 en 1938.
2) Dir. G. A. C. Kuschke se toespraak voor T. O.-kongres: Die Christelike Skoolblad, Mei 1937.

wat in die pad staan van die heil van ons volk se kinders."

Met die oorname van koshuise deur die Provinsiale Administrasie is hulle dikwels genoodsaak om van bestaande geboue, wat nie altyd doeltreffend was nie, gebruik te maak. Min geboue was werklik in 'n goeie toestand, maar die aanvraag vir addisionele akkommodasie was so groot dat dit onmoontlik was om onmiddellik aan die behoeftes van die provinsie te voldoen. Die inspekteurs van onderwys was dit roerend eens dat die oorgang na provinsiale koshuise 'n stap in die regte rigting is. Hier is die kosgangers op 'n bevredigende wyse gevoed, die toesig was effektief en daar het 'n verfrissende gees van opgewektheid geheers.[1] Aanvraag om losies het die plaasruimte oortref en nuwe koshuise sou op verskeie plekke opgerig moes word.

Hoewel vervoerskemas 'n baie goedkoper middel was om kinders by die skool te kry as koshuise, word aan laasgenoemde voorkeur gegee. Koshuisruimte by skoolplase en sentrale skole is dan ook aansienlik uitgebrei, maar om in al die behoeftes te voorsien, sou 'n addisionele kapitaaluitgawe van £600,000 aan sentrale skole en £400,000 by skoolplase meebring.[2] Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog is hierdie voorgestelde bouprogram tot 'n baie groot mate aan bande gelê, en is daar selfs vandag nog 'n groot agterstand wat ingehaal moet word.

Die uitwerking van sentralisasie op die plattelandse distrikte word in Tabel V111 (bladsy 116) aangetoon.

---

1) Dir. Verslag 1937: Verslae van inspekteurs, 44 - 71.
2) Dir. Verslag 1938, 11.

## TABEL V111.[1]

### Sentralisasie: 1934 - 1940.

| Skoolrade. | Vierde kwartaal 1934. | | | Vierde kwartaal 1940. | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Leer-linge. | Skole. | Onder-wysers. | Leer-linge. | Skole. | Onder-wysers. |
| Barberton. | 2039 | 24 | 84 | 2315 | 19 | 94 |
| Bethal. | 1536 | 26 | 74 | 1430 | 18 | 62 |
| Bloemhof. | 1636 | 17 | 65 | 1490 | 9 | 55 |
| Carolina-Belfast. | 1558 | 20 | 70 | 1441 | 6 | 58 |
| Ermelo. | 2025 | 26 | 84 | 1842 | 18 | 70 |
| Heidelberg. | 2338 | 32 | 101 | 2695 | 22 | 103 |
| Klerksdorp. | 1860 | 23 | 78 | 2166 | 17 | 77 |
| Lichtenburg. | 4682 | 47 | 201 | 3562 | 27 | 128 |
| Lydenburg. | 1551 | 24 | 67 | 1450 | 18 | 60 |
| Marico. | 2472 | 33 | 107 | 2033 | 22 | 78 |
| Pietersburg. | 2028 | 31 | 84 | 1760 | 20 | 67 |
| Piet Retief. | 758 | 12 | 31 | 815 | 10 | 38 |
| Potchefstroom. | 3204 | 38 | 129 | 3392 | 21 | 121 |
| Potgietersrust. | 1523 | 19 | 64 | 1801 | 10 | 70 |
| Pretoria Distr. | 4984 | 79 | 237 | 5297 | 49 | 212 |
| Rustenburg. | 4520 | 68 | 199 | 4619 | 44 | 173 |
| Schweizer-Reneke. | 1735 | 31 | 84 | 1684 | 20 | 76 |
| Standerton. | 2047 | 32 | 90 | 1748 | 25 | 69 |
| Ventersdorp. | 1604 | 26 | 73 | 1324 | 13 | 50 |
| Vereeniging. | 2163 | 31 | 94 | 2582 | 20 | 96 |
| Wakkerstroom. | 1554 | 17 | 61 | 1498 | 13 | 56 |
| Waterberg. | 2718 | 55 | 136 | 2421 | 42 | 105 |
| Witbank. | 1731 | 20 | 75 | 1752 | 12 | 73 |
| Witwatersberg. | 1867 | 26 | 77 | 2172 | 17 | 77 |
| Wolmaransstad. | 2169 | 35 | 95 | 1933 | 21 | 76 |
| Zoutpansberg. | 1988 | 27 | 87 | 1685 | 14 | 64 |
| Zwartruggens. | 2176 | 45 | 114 | 1971 | 25 | 81 |
| TOTAAL | 63173 | 902 | 2779 | 61693 | 577 | 2396 |

1) Dir, Verslag 1940, 12.

5. Verslag van Provinsiale Onderwyskommissie, 1939.[1)]

Die opdrag aan hierdie kommissie was baie wyd. Hulle moes ondersoek instel na al die vertakkinge van die onderwysstelsel in Transvaal, teneinde sodanige aanbevelings te doen as wat daartoe mag strek om die doeltreffendheid van die stelsel te verbeter, dit te laat aanpas by die mees moderne ontwikkelings op opvoedkundige gebied, en dit in staat te stel om op bevredigende wyse te voldoen aan die vereistes van alle seksies van die bevolking.

Soos aangetoon in die opdrag aan die kommissie, moes die hele onderwysstelsel gedek word. Gevolglik het die sentralisasiebeleid, die koshuis- en beursstelsel, sake wat in daardie jare die algemene onderwerpe van bespreking was - noukeurige aandag geniet. Hulle bevindings en aanbevelings kan puntsgewys geneem word, soos dit in die verslag uiteengesit is.

a. Sentralisasie.

In sommige distrikte waar sentralisasie nog nie deurgevoer is nie, is toestande aangetref soos dit voor 1936 betreklik algemeen was: gebrekkige leerplanne, min of geen buitemuurse aktiwiteite nie, swak (en in baie gevalle betreurenswaardige) toestande in private koshuise, wat gestig is op grond van die toekenning van losiesbeurse, en by private families. Baie beurshouers het nog geloseer onder toestande wat groot afbreuk gedoen het aan hulle fisiese, intellektuele en morele ontwikkeling.

Selfs by goedgekeurde koshuise het daar dikwels

---

1) Provinsiale Onderwyskommissie, 1939, benoem ingevolge Adm. Ken. Nom. 124 van 3 Maart 1937 en bestaande uit: ds. W. Nicol as voorsitter, dr. E. G. Malherbe en die here S.C.A. Cosser, J. Duthie, F. van Zyl Slabbert, B. J. Smit, A. Stepjen, A. P. Swart en F. Handel Thompson. Mej. C. J. Meeser en G.A.C. Kuschke is ook later as lede benoem met J. C. Woudenberg as sekretaris.

uiters onbevredigende toestande geheers. As gevolg van gebrek aan losies- en maatskaplike geriewe was dames dikwels nie te vinde vir onderwys op die platteland nie, 'n toestand wat tot groot nadeel van die kleiner kinders was.

Openbaarmaking van hierdie ongewenste toestande het meegehelp om die sentralisasiebeleid suksesvol deur te voer. Fasiliteite wat om ekonomiese redes nie by 'n klein skool verskaf kon word nie, was geregverdig by groter gesentraliseerde skole. Waar vervoer nie moontlik was nie, is koshuise opgerig. Skoolrade en amptenare het probeer om die samewerking van ouers te verkry en Skedule-111-skole, wat direk onder die beheer van die Departement gestaan het, is gestig om werk te bespoedig. Die aantreklikste van die sentrale skole is dié wat as nuwe inrigtings tot stand gekom het. Hier is taamlike uitgebreide stukke grond gekry en die netjiese skool- en koshuisgeboue, eet- en ontspanningsale, speelgronde, tuine en waterskemas het alles daartoe bygedra om die indruk van 'n ware opvoedingsentrum te skep.

As voordele van sentralisasie word genoem die ontstaan van kultuurverenigings, biblioteke en sportaangeleenthede. Huisvesting en voeding is baie meer bevredigend (verbeterde gesondheid was reeds te bespeur) en goeie onderwyseresse se dienste word beskikbaar gestel vir die plattelandse kind. Verskeie besware is ook gemaak, sommige waarvan baie gegrond was. Dit is nie wenslik dat klein kinders van hul ouerhuise geneem word nie en weerstand is uitgelok deur die ordelose wyse waarop die Departement dikwels te werk gegaan het sodat baie persone onnodig blootgestel was aan ontberings. Sentralisasie moet in medewerking met die skoolrade en ouers uitgevoer word, sonder

verwarring en ontberings vir die ouers en kinders. Meer klere is nodig wanneer die kind na die skoolkoshuis moet gaan. Hierdie beswaar geld egter minder vir die plattelandse koshuise, waar nie sulke hoë eise in die verband gestel word nie. In baie gevalle was die besware egter aan selfsugtige motiewe toe te skryf en sommige onderwysers het selfs uit eie belang die skema probeer dwarsboom.

In die kommissie se aanbevelings onderskryf hulle die sentralisasie-beleid en beveel aan dat dit, met redelike toegewings aan die wense van die ouers en beveiliging ten aansien van die belange van die onderwysers, voortdurend toegepas moet word. Malariastreke verdien spesiale oorweging. Hier behoort geen een- of tweemanskole of vervoerskemas te wees nie. Koshuise is die enigste middel om die gesondheid van die kinders op 'n bevredigende peil te hou.

b. Losies.

Voorsiening word gemaak vir kinders wat in plekke woon waar die voertaal, graad en soort onderwys wat hulle nodig het nie beskikbaar is nie, deur middel van losiesgeriewe. Op daardie tydstip het daar ongeveer 8,000 van die kinders in provinsiale skole op ander plekke loseer en die aantal sou toeneem namate verpligte skoolbesoek strenger toegepas word, veral vir middelbare onderwys, en die onwilligheid van ouers om hulle kinders op ander plekke te laat loseer, te bowe gekom is. Die grootste grief van die kommissie is die „soort losies" wat in honderde gevalle onder baie onbevredigende omstandighede verskaf word. Die neiging wat daar by baie individuele persone bestaan om self 'n bestaan te maak uit die verskaffing van losies is 'n vretende kanker aan die onderwysstelsel. Beheer en inspeksie is in sulke gevalle dringend nodig.

(i) Goedgekeurde Koshuise.

Tydens die ondersoek van die kommissie is negentig koshuise, wat bekend gestaan het as goedgekeurde koshuise en wat beheer is deur plaaslike liggame of komitees, aangetref. Hierdie komitees moes volle finansiële verantwoordelikheid vir die inrigtings aanvaar, maar kon sekere toelaes van die Departement ontvang as die gebou aan sekere vereistes voldoen het en die Departement 'n waarborg ontvang het dat 'n vasgestelde minimum aantal kosgangers daar sal loseer en die komitee onderneem om verantwoordelikheid vir alle uitgawes te dra. Hierdie toelae het bestaan uit huurgeld vir die gebou en 'n hulptoelae vir die aankoop van uitrusting, afgesien van die gewone beursgeld vir losies wat kwartaalliks aan die koshuise uitbetaal is.

Veel dank is verskuldig aan die komitees en kerkrade wat hierdie taak op hulle geneem het toe die provinsie nie daartoe in staat was nie. In sommige gevalle is bewyse gevind van uitstekende voorsiening en doeltreffende kontrole. Hierdie stelsel se voordeel is daarin geleë dat daar geleentheid geskep word vir plaaslike ondernemingsgees en die belangstelling in opvoeding word gewek by die persone wie se invloed die meeste gewens is. Baie van hulle vul dan ook die beurse van leerlinge aan uit koshuisfondse; hierdie tegemoetkoming word gebaseer op intieme kennis van die applikant se omstandighede.

Die besware wat teen die stelsel ingebring is, vereis egter grondige oordenking. Oprigting van die slaapsale en wasgeriewe, asook voedselvoorsiening was dikwels onbevredigend. Instede van 'n huislike atmosfeer te skep, het die geboue soms 'n tronkagtige voorkoms. Omdat min fondse beskikbaar was, word daar nie altyd voldoende voorsiening gemaak vir behoorlike

toesig nie, en waar die kontrole onafhanklik van die skool was, is daar soms 'n beleid aangetref wat teenstrydig was met wat in die skool nagestreef word. By 'n gebrek aan eenstemmigheid tussen die skoolhoof en die komitee, was die leerlinge die lydende party. Dat die finansiële administrasie onbevredigend is, blyk veral uit die aanwending van surplusse. Wettiglik was die komitees die eienaar, maar sedelik is hierdie geld alleen vir die opvoeding bedoel. As die komitee sy wettige en die provinsie sy sedelike eise stel, is botsings onvermydelik.

(ii) Provinsiale Koshuise.

Nadat die nuwe regulasies vanaf September 1936 in werking getree het, is reeds sestig koshuise deur die Administrasie oorgeneem. Dit word aanbeveel dat die skoolhoof ook die superintendent van die koshuis moet wees. Sy gesluierde gesag moet daar wees om wrywing tussen die skool en die koshuis uit te skakel. As daar meer as een koshuis aan 'n skool verbonde is, moet die hoof nogtans as superintendent optree, maar hy bewoon dan 'n afsonderlike huis met huisvaders (of moeders) vir elke afsonderlike koshuis.

Adviserende komitees moet behulpsaam wees met die aanbevelings insake beurstoekennings, die benoeming van personeellede (huishoudelik) en algemene beheer. Daar is egter 'n spesiale koshuisinspekteur nodig wat waardevolle advies aan superintendente kan gee in verband met die finansiële administrasie van koshuissake. Sy verslag kan ook van nut wees vir die kringsinspekteur wanneer hy die gewone koshuisinspeksie behartig. Die lewenstandaard moet in alle provinsiale koshuise so na moontlik dieselfde wees. Om dit te

bewerkstellig moet die Departement in oorleg met plaaslike owerhede die losiesgeld vasstel.

Daar moet spesiale voorsiening gemaak word vir die opleiding van matrones, want baie van die sukses van die inrigting hang van haar af. Ook moet sy kennis dra van tuisverpleging en in staat wees om uitvoering te gee aan die wenke in verband met dieëtskale, soos per omsendbrief deur die departementele dieëtkundige aanbeveel. Een van die pligte van die koshuis-inspekteur sal wees om te kontroleer of hierdie dieëtskale gevolg word.

'n Hele aantal inrigtings het dit in die beginjare moeilik gevind om nie die beskikbare fondse te oorskry nie. Om te bespaar het hulle soms kosgangers te veel van die huishoudelike werk laat doen en sodoende van die bediendes uitgeskakel. Selfs die voeding is ingekort om uitgawes te besnoei. Om hierdie probleem uit te skakel, word aanbeveel dat alle geldelike sake direk deur die Departement beheer word en dat superintendente nie met die verantwoordelikheid van 'n boekhouding, en alles wat dit meebring, belas word nie.

c. Beurse.

Die beginsels wat voorheen ten grondslag gelê het aan die toekenning van beurse, was as volg: Skoolrade sowel as die Departement het beurse toegeken volgens die behoeftigheid van die ouers. Die rade het jaarliks 'n beraming gemaak vir die volgende jaar en hierdie bedrag is aan hulle toegewys vir uitbetaling in hulle bepaalde distrik. Alle middelbare-skoolbeurse en beurse aan skoolplase met hulle voedingskole is direk deur die Departement toegeken. 'n Maksimum van 1/6d per dag (gemiddeld 1/3d) vir laerskoolleerlinge en £36 per jaar (gemiddeld £30) vir middelbare-skoolleerlinge

is volgens dié skema aan beursleerlinge in koshuise uitbetaal. Waar daar geen koshuise was nie, is 7d. per dag vir privaat-losies beskikbaar gestel.

As kritiek op hierdie stelsel word die volgende genoem: 1. Die toets vir behoeftigheid was onbevredigend. Die verskille in toekennings wat gemaak is, was dikwels onverstaanbaar.

2. 'n Sewe-pennie-beurs is die oorsaak van ondervoeding en ander euwels.

3. Kinders in standerds vyf en ses kan nie 'n betroubare eksamenresultaat lewer nie, terwyl die vereiste van sestig persent om 'n beurs te verwerf, slegs 'n willekeurige syfer was.

4. Beurse wat aangebied is, was dikwels so klein dat dit moeilik aanvaarbaar was.

5. Die behoeftige plaaskind word nie in gelyke voorregte gestel met die dorpskind wat uit sy huis kan skoolgaan nie.

In hulle aanbevelings word 'n nuwe beursstelsel, wat gebaseer word op die gelykstelling van geleentheid, waardeur geografiese verskille geneutraliseer sal word, voorgestaan. Deur die oprigting van 'n skool op 'n bepaalde plek word sommige ouers bevoordeel om geografiese redes, terwyl andere in 'n nadelige posisie geplaas word. Hierdie laasgenoemde geval behoort besondere aandag te geniet: As 'n kind verder as twee myl van die skool af woon, moet die staat deur werklike diens of deur ondersteuning die ouer in so 'n posisie plaas dat hy nie meer koste sal hê as wat hy redelikerwys aan die onderhoud van die kind tuis sou gehad het nie. Dié aanbeveling van die kommissie is 'n nuwe beginsel wat nie in die onderwyswet ingesluit is nie. As dit aanvaar word, sal verpligte skool-

besoek alleen van krag kan wees buite die voorgeskrewe afstand wanneer die staat deur werklike diens (vervoer) of geldelike ondersteuning (losies) bereid is om die addisionele koste te dra.

Losiesbeurse sal dan bereken word volgens die beginsels soos hierna uiteengesit: Koshuisgeld deur die ouer betaalbaar, moet gelykstaan met wat beskou word as die redelike koste vir die ouer, wat in 'n normale ekonomiese posisie verkeer, om sy kind by die huis te onderhou. Hierdie onderhoudskoste tuis verskil egter in bepaalde gebiede en daarom sal dit nodig wees om koshuise in drie groepe te klassifiseer, naamlik A-koshuise wat opgerig is buite gebiede van plaaslike besture, B-koshuise binne die gebiede van plaaslike besture en C-koshuise aan die Rand en Pretoria.

Die onderhoudskoste in die verskillende tipes van inrigtings is dan as volg:

| | Koste in koshuis. | Koste tuis. | Gelykstellings-toelae. |
|---|---|---|---|
| A | £24 | £12 | £12 |
| B | £32 | £18 | £14 |
| C | £40 | £24 | £16 |

Alle koshuise binne 'n bepaalde gebied moet in dieselfde groep val, teen dieselfde koste per leerling losies verskaf en dieselfde bedrag (koste tuis) van die ouers vorder. As aansoek om toelating tot 'n koshuis gedoen word, wat nie die naaste inrigting aan die ouerwoning is nie, kan dit toegestaan word as dit nie 'n ander leerling van die omgewing uit die skool of koshuis sal hou nie. Wanneer so 'n verskuiwing na 'n duurder gebied plaasvind, moet die voorgeskrewe bedrag vir die duurder inrigting betaal word, na 'n

goedkoper inrigting die bedrag wat hy in die duurder een sou betaal. Dit sal verhoed dat daar misbruik van die goedkoper koshuise gemaak word. Daar moet verder geen verskil gemaak word tussen die losiesgeld vir laerskool- en middelbare-skoolleerlinge nie, met dien verstande dat bevredigende vordering as 'n vereiste vir die behoud van beurse by standerd nege- en tien-leerlinge vereis word.

Tot dusver is die subsidie bespreek wat betaal moet word ten behoewe van alle kosgangers, afgesien van die behoeftigheidsfaktor. As 'n behoeftige ouer aansoek doen om 'n beurs, moet hy bewys kan lewer dat hy nie aan sy kinders tuis bestee wat 'n ouer onder normale ekonomiese omstandighede in die betrokke gebied doen nie. Die skoolhoof, in samewerking met die ouerraad sal dan 'n aanbeveling aan die plaaslike onderwysraad doen, waarna die finale beslissing by die inspekteur sal berus. Hierdie persone sal toesien dat die vrystelling wat aan die ouer verleen word, regverdig en redelik is. Die invordering van die balans, wat dan nog deur die ouer betaal moet word, sal daarna 'n saak van onverbiddelike roetine wees.

Algehele vrystelling moet slegs in buitengewone omstandighede toegelaat word, want dit kos enige ouer tog 'n bepaalde bedrag om die kind tuis aan die lewe te hou; hy mag nie 'n geldelike voordeel behaal deur sy kind na 'n koshuis te stuur nie. Behoeftige ouers moet nie verhinder word om hulle dienste of produkte, waar dit tot voordeel van die koshuis aangewend kan word, as vereffening van hulle verpligtinge aan te bied nie. Of 'n kind nie weer tot 'n koshuis toegelaat moet word wanneer die ouer in gebreke bly om die losiesgeld te betaal nie, moet nie afhang van die gewilligheid of vermoë van die ouer om die

geld te betaal wat van hom geëis word nie. Daar moet geleentheid wees vir appél teen 'n te hoë aanslag en uitstel wanneer 'n tydelike finansiële terugslag ondervind word, maar ook bepaalde strafmaatreëls wanneer 'n ouer moedswillig versuim om sy verpligtinge na te kom. Die besit van 'n motor moet nie as genoegsame rede beskou word vir die weiering van 'n beurs nie, dit moet slegs as waarde soos enige ander besitting beskou word.

As ons by die administratiewe sy van die toekennings kom, is die prosedure as volg:

In die geval van provinsiale koshuise word alle uitgawes in die jaarlikse begroting ingesluit en deur die provinsiale raad gestem. Alle inkomstes van koshuise, dit wil sê, gelde wat deur ouers en ander loseerders betaal word, sal in die provinsiale inkomstefonds gestort word, sodat daar in werklikheid geen betalings aan of uitbetalings deur die koshuise gemaak word nie. Aan alle ander soorte koshuise sal kontant betalings gemaak word ten aansien van die staat se aanspreeklikheid betreffende gelykstelling van geleenthede en beursgelde.

d. <u>Geboue</u>.

In die oorgangstadium na 'n provinsiale koshuisstelsel moet daar versigtig te werk gegaan word. Alle soorte geboue is met die loop van jare opgerig om as koshuise diens te doen. Geboue moet alleenlik gehuur word as daar 'n korttermyn huurkontrak opgestel kan word, tydelike geboue nie geregverdig sal wees nie en 'n verslag van 'n gesaghebbende persoon ontvang en goedgekeur is betreffende die doelmatigheid van vloerruimte, ventilasie, sanitasie en watervoorsiening. Daar is in die verlede reeds te veel ondoeltreffende geboue aangekoop. Voordat 'n gebou aangekoop word, moet 'n aanbeveling eers gemaak word deur die plaaslike onder-

wysraad, die provinsiale argitek en die mediese inspekteur van skole.

6. <u>In hoeverre aan die wenke van die kommissie uitvoering gegee is.</u>

Waar die aanbevelings van die kommissie so veelomvattend was en so veelingrypende veranderinge teweeg sou bring, spreek dit vanself dat uitvoering hieraan oor 'n aantal jare sou strek. 'n Spesiale koshuis-inspekteur is in 1940 benoem (sien volgende hoofstuk) en baie van die aanbevelings is in latere regulasies vasgelê. Die toekenning van beurse wat 'n gedurige bron van ontevredenheid was, is egter dadelik gedeeltelik deur die Departement aanvaar. In sy jaarverslag vir 1939 gee die Direkteur die volgende leidraad aan skoolrade by die toekenning van beurse, wat byna woordeliks uit die kommissie se verslag oorgeneem is:[1)]

Die beginsel van gelykstelling van geografiese geleentheid moet vir die toekoms die basis wees waarvolgens aansoeke oorweeg word. Die staat moet deur werklike diens of deur geldelike ondersteuning sorg dat geen ouer addisionele koste sal hê as gevolg van die groter afstand wat hy van die skool, wat die standaard en soort onderwys aanbied wat vir sy kinders vereis word, woon nie. Wat losies betref, moet „betalendes" aan losiesgeld soveel betaal as wat die onderhoud van die kind onder gewone omstandighede hom tuis sou gekos het, terwyl die „behoeftige" ouer tenminste 'n klein bydrae moet lewer.

In tabel 1X word aangetoon wat gedurende die jare 1924 tot 1940 deur die Provinsiale Administrasie aan beursgelde uitbetaal is aan kinders en studente wat op een of ander wyse ondersteuning moes ontvang om 'n onderwysinrigting te besoek.

---

1) Dir. Verslag 1939, 26.

TABEL IX.

Totale inskrywing en beursgeld en gemiddelde bedrae wat uitbetaal is uit die beursgeld aan die verskillende groepe: 1924 - 1940.

| | Normaalkolleges. | | | Middelbare Onderwys. | | | Laerskole. | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Jaar. | Totale Inskrywing. | Beursgeld uitbetaal. | Gemiddeld per student. | Totale Inskrywing. | Beursgeld uitbetaal. | Per leerling. | Totale Inskrywing. | Beursgeld uitbetaal. | Per leerling. |
| 1924 | 694 | £31518 | £45- 8- 4 | 11845 | £43639 | £3-12- 0 | 101068 | £38069 | 7s. 6d. |
| 1925 | 757 | 30432 | 40- 2- 0 | 11529 | 42830 | 3-12- 7 | 103555 | 31011 | 6s. 0d. |
| 1926 | 815 | 31585 | 38-15- 1 | 10832 | 42084 | 3-17- 8 | 109541 | 38634 | 7s. 1d. |
| 1927 | 857 | 34022 | 38-10- 5 | 10734 | 43673 | 4- 2- 6 | 117354 | 43179 | 7s. 8d. |
| 1928 | 843 | 33632 | 39-18- 0 | 10600 | 44692 | 4- 4- 4 | 117354 | 41472 | 7s. 1d. |
| 1929 | 845 | 35898 | 42- 9-11 | 11074 | 46734 | 4- 4- 5 | 119560 | 44271 | 7s. 5d. |
| 1930 | 869 | 37108 | 42-14- 0 | 11355 | 50130 | 4- 8- 4 | 121159 | 44164 | 7s. 5d. |
| 1931 | 804 | 35788 | 44-10- 3 | 12777 | 49809 | 3-18- 0 | 122438 | 45650 | 7s. 4d. |
| 1932 | 770 | 35749 | 46- 8- 6 | 12881 | 34113 | 2-12-10 | 122494 | 42204 | 6s.11d. |
| 1933 | 642 | 33837 | 52-13- 8 | 12464 | 33851 | 2-14- 4 | 123066 | 44390 | 7s. 2d. |
| 1935 | 702 | 36139 | 51-14- 9 | 12995 | 27820 | 2- 2-10 | 128440 | 54486 | 8s. 6d. |
| 1936 | 804 | 38815 | 47- 0- 8 | 15036 | 28367 | 1-17- 9 | 131316 | 49444 | 7s. 6d. |
| 1937 | 894 | 38592 | 43- 3- 2 | 15955 | 44058 | 2-15- 1 | 134384 | 58440 | 8s. 9d. |
| 1938 | 999 | 41527 | 41-11- 4 | 16187 | 39600 | 2- 8-11 | 137440 | 64673 | 9s. 5d. |
| 1939 | 1133 | 44606 | 39- 7- 5 | 16816 | 54602 | 3- 4-11 | 140121 | 72649 | 10s. 4d. |
| 1940 | 1226 | 49330 | 40- 4- 9 | 17920 | 54316 | 3- 0- 8 | 140738 | 70780 | 9s.11d. |

Koshuisfinansies word egter vandag nog deur die superintendente van die afsonderlike inrigtings bestuur en die toekennings van beurse veroorsaak vandag nog baie ontevredenheid, soos in die volgende hoofstuk aangetoon sal word.

7. Samevatting.

Met die aanvang van hierdie tydperk was koshuise in die provinsie geen nuwigheid meer nie en was baie kinders verplig om weg van hulle ouerhuise af te loseer, dikwels onder toestande wat veel te wense oorgelaat het. Die Onderwysdepartement was wel deeglik bewus van wanpraktyke wat geheers het, want in die verslae van skoolinspekteurs is daar voortdurend gewys op die nadele van privaat losies en is aanbevelings gemaak om meer en beter kontrole uit te oefen op koshuise wat deur plaaslike liggame en komitees beheer word, en deur die provinsiale administrasie gesubsideer is.

Eers in 1927 is regulasies uitgevaardig om die kontrole en beheer oor goedgekeurde koshuise op 'n gesonde basis te plaas. Daar is egter nie noulettend toegesien dat hierdie regulasies uitgevoer is nie. Die gevolg hiervan was dat in die oorgrote meerderheid gevalle swak administrasie en nog swakker huisvesting bly voortbestaan het. Tydens die depressiejare het koshuise die ekonomiese druk terdeë ondervind. Agterstallige skulde moes dikwels afgeskryf word en om nie die inrigtings te sluit nie, is besparingsmetodes ten koste van die leerlinge aangewend.

As hierdie toestande sou voortduur, kon die hele koshuisstelsel nie anders as op 'n fiasko afstuur nie, en was die Departement genoodsaak om handelend op te tree. Die optrede het nie altyd getuig van deeglike vooraf-beplanning nie. Koshuisgeboue van

privaat liggame is oorgeneem voordat die Departement definitief besluit het hoe die inrigtings daarna bestuur sou word, en in baie gevalle is ondoeltreffende geboue aangekoop. Meer stelselmatige benadering van die hele aangeleentheid het eers gekom nadat administrateur S. P. Bekker die grootskaalse sentralisasieveldtog op tou gesit het. Toestande op die platteland is deeglik onder die soeklig geplaas, gebreke en wanpraktyke is blootgelê en 'n nuwe stelsel van koshuise is in die lewe geroep sodat die sentralisasiebeleid suksesvol deurgevoer kon word. Dit was nie meer langer moontlik om te berus by plaaslike inisiatief nie. Die Administrasie moes daadwerklik optree en koshuise oorneem waar toestande onbevredigend was of komitees nie in staat was om voort te gaan nie. Met die daarstelling van sentrale skole moes die provinsiale administrasie self huisvesting vir die leerlinge voorsien. So het die provinsiale koshuise tot stand gekom waar komitees van hulle finansiële verpligtinge onthef is en alle geld in die toekoms alleenlik ten behoewe en in voordeel van die kosgangers aangewend sou word en waar die koshuis 'n onafskeidbare deel van die skool sou word.

Distriksgewys is die hele provinsie gedurende die jare 1936 tot 1940 georganiseer, klein skooltjies het minder geword en oral in die dunbevolkte streke het sentrale skole en skoolplase verrys waar leerlinge in doeltreffende koshuise gehuisves is en aan voeding sowel as opvoeding reg kon geskied. Volgens die verslag van die Onderwyskommissie van 1939 was die sentralisasiebeleid en die oprigting van provinsiale koshuise 'n stap in die regte rigting om aan die plattelandse kind dieselfde onderwysvoorregte beskik-

baar te stel as wat die stads- en dorpskind geniet het.

Beurstoekennings het nog ontevredenheid uitgelok en die kommissie het die metode van toekenning uit 'n standpunt benader wat afgewyk het van die gees van die onderwyswet. Daar is egter min uitvoering aan hulle aanbevelings in die verband gegee, en vandag is dit nog een van die groot probleme waarmee die skoolhoof, skoolraad en Departement te kampe het.

oOo